

SKOLEBEDIENING: Skoene van bereidheid

Doel van les:

- Hierdie week sluit ons die Wapenrusting reeks af met die skoene van bereidheid. Ons fokus op die woord Evangelie en hoekom dit belangrik is om die Evangelie te versprei.

Lofprysing en aanbidding.

YSBREKER 1: - Big Foot

- Elke kind word geblinddoek
- Elke groep moet probeer om hulself van die grootste tot die kleinste voet, in 'n ry, te rangskik sonder om te praat.

YSBREKER 2: - Minste Voete

- Elke groep moet probeer om op die minste voete as moontlik te staan, bv as een groep tien kinders het, kan hulle probeer om net vyf voete te hê wat die grond raak.

YSBREKER 3: - Skoene Toring

- Elke groep moet probeer om die hoogste toring te bou in 'n minuut se tyd met net hulle skoene.

YSBREKER 4: - Skoene Slang

- Watter groep kan die langste slang bou deur hulle skoene die een agter die ander te plaas?

Vandag sluit ons af met die Wapenrusting. Wie kan vir my sê wat dink julle is die laaste gedeelte? Dis die Skoene van bereidheid om die Evangelie van vrede te verkonding.

Vrae in groepe:

Vraag 1: Hoekom dink jy sal skoene belangrik wees vir 'n soldaat in die oorlog?

Dink gou hoe 'n soldaat sonder skoene aan sy voete gaan lyk - hy het sy helm op, sy borsharnas, sy skild, swaard en belt, maar geen skoene nie. Gaan hy baie effektief kan wees? NEE, want hy gaan heeltyd moet kyk waar hy trap en pasop vir dorings en takke in plaas daarvan om sy volle aandag aan die geveg te kan gee.

Vraag 2: WAT dink jy beteken die woord evangelie?

Dis die goeie nuus dat Jesus Christus vir ons aan die kruis gesterf het, sodat ONS kan leef, en DIT bring vir ons vrede, want ons kan eendag saam met Jesus in die hemel wees i.p.v by satan in die hel - AS ons ons lewens vir Jesus gee!

Vraag 3: Wat het die evangelie van vrede met skoene te doen?

Dis ONS as God se kinders se werk om vir ander van Jesus te vertel, en so sal die vrede wat mens NET kan hê as jy aan Jesus behoort deur die wêreld versprei. As ons ons skoene aanhet, dan leef ons sodat ander Jesus in ons kan sien, en NIE soos die wêreld nie! Ons vertel ook vir ander van Hom en wat Hy vir ons doen wanneer ons die kans kry. So kan ons ons familie, vriende, ens na Jesus lei.

Vraag 4: Hoe dink jy help die skoene van die Wapenrusting ons om vas te staan teen die vyand?

Die sandale van 'n Romeinse soldate het gewoonlik iets soos spykers onder gehad wat hulle gehelp het om vas te trap en nie te gly nie.

Wanneer die satan kom met sy klomp leuens, dan staan ek vas met my skoene op die goeie nuus van wat Jesus vir ons gedoen het en ek vertel ander daarvan.

Ons het nou die hele wapenrusting van Efesiërs 6 behandel. Onthou om elke dag julle wapenrusting aan te trek en soldate vir Jesus te wees.

Sluit af met gebed.